higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## LEWENSORIËNTERING

(Tweede vraestel)

**NKR VLAK 2**

(7601012)

**17 Februarie 2020 (X-Vraestel)**
**09:00–11:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

002Q2S2017

Kopiereg voorbehou

**TYD: 2 UUR**
**PUNTE: 100**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.

1. Lees al die vrae aandagtig deur.

2. Gebruik geskikte toepassingsprogramme en plaas die DRUKSTUKKE in jou EKSAMENOMSLAG.

3. Die tyd wat vir hierdie vraestel toegewys is, sluit tyd vir lees en drukwerk in.

4. Die tyd wat aan die begin van elke vraag aangedui word, is ’n riglyn om jou te help om die vraestel betyds te voltooi.

5. Dit is jou verantwoordelikheid om jou werk gereeld te stoor om verlies van ingesleutelde data tydens ’n kragonderbreking te voorkom. GEEN ekstra tyd sal toegelaat word om verlore werk te voltooi nie.

6. In die geval van ’n rekenaar- of drukkerdefek sal die toesighouer die nodige reëlings tref sodat jy met die eksamen kan voortgaan en die werklike tyd wat verlore gegaan het, sal bykomend toegelaat word.

7. Die speltoetser mag gebruik word. Sakrekenaars mag nie gebruik word nie.

8. Die EKSAMENNOMMER en SENTRUMNOMMER moet op die voorkant van die EKSAMENOMSLAG aangebring word en die sagtewareweergawe moet boaan die dekblad aangedui word (byvoorbeeld MS Office 2007).

9. Alle DRUKSTUKKE moet die VRAAGNOMMER, EKSAMENNOMMER en ’n egalige watermerk bevat.

10. EKSAMENNOMMERS wat neergeskryf is, is onaanvaarbaar.

11. Punte sal nie toegeken word vir enige DRUKSTUK sonder ’n EKSAMENNOMMER en watermerk nie.

12. Rangskik jou drukstukke in dieselfde volgorde as dié van die vrae in die vraestel. Slegs EEN DRUKSTUK per vraag mag ingelewer word.

13. Elke antwoord moet op ’n afsonderlike bladsy gedruk word. Gebruik slegs EEN kant van die bladsy.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: WOORDVERWERKING

**VRAAG 1** **TYD: 20 MINUTE**

Jy moet die uitwerking wat seksuele ontmoetings op studente het, ondersoek.

1.1 Gebruik MS Word om 'n dokument getiteld RISKANTE SEKSUELE ONTMOETINGS voor te berei deur die onderstaande inligting te gebruik. (7)

1.2 Stel die font op Calibri grootte 14. (2)

1.3 Voeg 'n kopskrif in met jou EKSAMENNOMMER linksgerig en VRAAG 1 in bokas en regsgerig, soos hier onder aangedui. (3)

1.4 Verander die font van die hoofopskrif na Bodoni MT Black grootte 18. (2)

1.5 Verander die hoofopskrif na bokas en onderstreep dit. (2)

1.6 Onderstreep die twee algemene voorbeelde van riskante seksuele ontmoetings. (2)

1.7 Stoor die dokument as VRAAG 1 volgens jou kollege se eksamenregulasies.

1.8 Druk die dokument op EEN A4-portretbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (2)

EKSAMENNOMMER VRAAG 1

# RISKANTE SEKSUELE ONTMOETINGS

1. Daar is situasies en/of omgewings waarin mense waarskynlik groter gevaar loop om riskante seksuele ervarings te hê. Hierdie ervarings kan jou benadeel. Kennis van hierdie situasies kan jou help om dit te vermy.

2. Hierdie riskante ontmoetings is gevaarlik en kan tot iets slegs en onaangenaams lei. Riskante ontmoetings kan in situasies met onvoorsiene en onverwagte gevolge ontwikkel. Dit kan 'n persoon emosioneel, finansieel en fisiek beïnvloed en 'n uitwerking op jou toekomsdoelwitte en -drome hê. Ongewenste swangerskappe en seksueel oordraagbare infeksies is enkele van die algemeenste voorbeelde van sodanige gedrag.

**[20]**

**VRAAG 2** **TYD: 28 MINUTE**

2.1 Maak die dokument oop wat as RISKANT 1 gestoor is en redigeer dit volgens die onderstaande instruksies. (3)

2.2 Verander die vraagnommer na 2. (1)

2.3 Kursiveer die opskrif. (1)

2.4 Regsbelyn die eerste paragraaf soos aangedui op die volgende bladsy. (1)

2.5 Verander die tweede paragraaf na fonttipe Baskerville Old Face grootte 16. (2)

2.6 Maak die twee ‘riskante ontmoetings’-frases in paragraaf 2 vet. (2)

2.7 Voeg die nuwe teks by, soos op die volgende bladsy aangedui. (2)

2.8 Verander die nuwe opskrif na Arial Narrow grootte 16, in vetdruk. (3)

2.9 Nommer die nuut ingevoegde teks onder die opskrif HOE OM DIE RISIKO VAN ONGEWENSTE SEKSUELE AKTIWITEITE TE VOORKOM, soos aangedui. (1)

2.10 Verander die genommerde teks na Bradley Hand grootte 14, soos aangedui. (2)

2.11 Stoor die dokument as VRAAG 2 volgens jou kollege se eksamenregulasies.

2.12 Druk die dokument op EEN A4-portretbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (2)

Kopiereg voorbehou 

EKSAMENNOMMER VRAAG 2

# RISKANTE SEKSUELE ONTMOETINGS

Daar is situasies en/of omgewings waarin mense waarskynlik groter gevaar loop om riskante seksuele ervarings te hê. Hierdie ervarings kan jou benadeel. Kennis van hierdie situasies kan jou help om dit te vermy.

Hierdie **riskante ontmoetings** is gevaarlik en kan tot iets slegs en onaangenaams lei. **Riskante ontmoetings** kan in situasies met onvoorsiene en onverwagte gevolge ontwikkel. Dit kan 'n persoon emosioneel, finansieel en fisiek beïnvloed en 'n uitwerking op jou toekomsdoelwitte en -drome hê. Ongewenste swangerskappe en seksueel oordraagbare infeksies is enkele van die algemeenste voorbeelde van sodanige gedrag.

## HOE OM DIE RISIKO VAN ONGEWENSTE SEKSUELE AKTIWITEITE TE VOORKOM.

1. Neem jou drankie saam met jou; moet dit nie op die toonbank laat nie.
2. Moenie enige drankies van vreemdelinge aanvaar nie.
3. Vermy dit om alleen op afgeleë plekke te loop.
4. Moenie met veel ouer mans kuier nie.
5. Moenie saamrygeleenthede van vreemdelinge aanvaar nie.
6. Moenie huis toe gaan met vreemdelinge nie.

**[20]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: SIGBLAD

**VRAAG 3** **TYD: 18 MINUTE**

Gebruik MS Excel om 'n sigblad te skep om die verskillende riskante seksuele gedrag in twee verskillende provinsies te vergelyk.

3.1 Sleutel die sigblad akkuraat in en vertoon dit volgens die onderstaande opdrag. Moenie die ry- en kolomopskrifte (rame) insleutel nie. Dit is slegs ingevoeg om aan te dui watter selle gebruik moet word. (4)

3.2 Gebruik die font Candara grootte 12. (2)

3.3 Tik VRAAG 3 in hoofletters in A1 en jou EKSAMENNOMMER in A2 soos aangedui. Formateer die sel waar nodig. (2)

3.4 Verander die font van die opskrif na Cooper Black grootte 18. (2)

3.5 Voeg saam en sentreer alle kolomopskrifte in ry 6. (1)

3.6 Verander die kolomopskrifte in ry 6 na grootte 16. (1)

3.7 Pas die kolomwydte aan, waar nodig, om te verseker dat alle inligting duidelik sigbaar is. (1)

3.8 Stoor die dokument as VRAAG 3 volgens jou kollege se eksamenregulasies.

3.9 Druk die sigblad sonder ry- en kolomopskrifte op EEN A4-portretbladsy. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (2)

| | A | B | C | D | E |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | VRAAG 3 | | | | |
| 2 | EKSAMENNOMMER | | | | |
| 3 | | | | | |
| 4 | **RISKANTE SEKSUELE GEDRAG** | | | | |
| 5 | | | | | |
| 6 | RISKANTE GEDRAG | OOS-KAAP | | NOORDWES | |
| 7 | | SELIOT HOËR | MONTRI HOËR | BADIEN HOËR | SNOWO HOËR |
| 8 | Seks sonder beskerming | 2 | 6 | 2 | 5 |
| 9 | Mond-tot-genitalieë-kontak | 12 | 5 | 8 | 25 |
| 10 | Prostitusie | 1 | 3 | 2 | 3 |
| 11 | Om verskillende seksmaats te hê | 44 | 68 | 43 | 90 |
| 12 | Anale seks | 2 | 4 | 1 | 2 |
| 13 | Dwelms en seks | 2 | 6 | 9 | 4 |

**[15]**

**VRAAG 4** **TYD: 30 MINUTE**

Maak die sigblad oop wat jy in VRAAG 3 geskep het en bring die volgende veranderinge aan: (3)

4.1 Verander VRAAG 3 na VRAAG 4. (1)

4.2 Voeg in die nuwe kolom (TOTALE RISIKO) en rye (TOTAAL PER HOËRSKOOL en GEMIDDELDE SNOWO HOËR) in vetdruk, soos op die volgende bladsy aangedui. (3)

4.3 Voeg saam en sentreer die hoofopskrif oor A4–F4. (1)

4.4 Verander alle kolomopskrifte in ry 6 na vetdruk. (1)

4.5 Verander die name van skole in ry 7 na kursief, regsgerig en onderstreep. (3)

4.6 Verander die fonttipe van RISKANTE GEDRAG (A8–A13) na Arial Narrow grootte 14. (2)

4.7 Voeg die formules in waar die letters van die alfabet oënskynlik die volgende berekenings doen:

A TOTALE RISIKO = SOM VAN RISKANTE GEDRAG oor 4 skole

B TOTAAL PER HOËRSKOOL = SOM van alle riskante gedrag per skool

C GEMIDDELDE SNOWO = Totaal van SNOWO gedeel deur 6. (Jy kan die Gemiddelde funksie gebruik.)

(3 × 2) (6)

4.8 Vertoon alle syfers as getalle sonder desimale. (1)

4.9 Voeg horisontale en vertikale lyne in, soos aangedui. (1)

4.10 Pas die kolomwydtes aan, waar nodig, om te verseker dat alle inligting duidelik sigbaar is. (1)

4.11 Stoor die dokument as VRAAG 4 volgens jou kollege se eksamenregulasies.

4.12 Druk die sigblad met ry- en kolomlyne op EEN A4-landskapbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (2)

Voeg saam en sentreer opskrif

Maak alle kolomopskrifte vet en sentreer

Voeg in rye in vetdruk

| | A | B | C | D | E | F |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | VRAAG 4 | | | | | |
| 2 | EKSAMENNOMMER | | | | | |
| 3 | | | | | | |
| 4 | **RISKANTE SEKSUELE GEDRAG** | | | | | |
| 5 | | | | | | |
| 6 | **RISKANTE GEDRAG** | **OOS-KAAP** | | **NOORDWES** | | **TOTALE RISIKO** |
| 7 | | **SELIOT HOËR** | **MONTRI HOËR** | **BADIEN HOËR** | **SNOWO HOËR** | |
| 8 | Seks sonder beskerming | 2 | 6 | 2 | 5 | **A** |
| 9 | Mond-tot-genitalieë-kontak | 12 | 5 | 8 | 25 | |
| 10 | Prostitusie | 1 | 3 | 2 | 3 | |
| 11 | Om verskillende seksmaats te hê | 44 | 68 | 43 | 90 | |
| 12 | Anale seks | 2 | 4 | 1 | 2 | |
| 13 | Dwelms en seks | 2 | 6 | 9 | 4 | |
| 14 | | | | | | |
| 15 | **TOTAAL PER HOËRSKOOL** | **B** | | | | |
| 16 | | | | | **C** | |
| 17 | **GEMIDDELDE SNOWO HOËR** | | | | | |

**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

## AFDELING C: POWERPOINT

**VRAAG 5** **TYD: 24 MINUTE**

Skep 'n skyfievertoning van DRIE skyfies deur van MS PowerPoint gebruik te maak.

5.1 Sleutel die teks vir die DRIE skyfies akkuraat in. (3)

5.2 Skyfie 1: Titelskyfie (1)

5.2.1 Verander die font van die opskrif na Lucida Handwriting grootte 50. (2)

5.2.2 Tik jou EKSAMENNOMMER en VRAAG 5 in hoofletters, soos hier onder aangedui. (2)

5.3 Skyfie 2: Twee-inhoud (1)

5.3.1 Verander die font van die opskrif na Bernard MT Condensed grootte 50 en sentreer. (3)

5.3.2 Voeg in kolpunte in die linkerkantse kolom, soos aangedui. (1)

5.3.3 Nommer die inhoud in die regterkantse kolom, soos aangedui. (1)

5.4 Skyfie 3: Slegs titel (1)

5.4.1 Verander die tipe van die titel na Arial Rounded grootte 62. (2)

5.4.2 Sentreer en belyn die inhoud van die skyfie. (1)

5.5 Stoor die aanbieding as VRAAG 5 volgens jou kollege se eksamenregulasies.

5.6 Druk die skyfie as 'n INLIGTINGSTUK met al drie skyfies op EEN bladsy en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG. (2)

**SKYFIE 1:** *Titelskyfie*

# RISKY SEXUAL BEHAVIOUR

**TITEL:** *Lucida Handwriting grootte 50*

EKSAMENNOMMER
VRAAG 5

*Voeg EKSAMENNOMMER en VRAAG 5 in hoofletters in die volgende reël in*

**SKYFIE 2:** *Titelskyfie*

**TITEL:** *Bernard MT Condensed grootte 50*

# TEKENS VAN RISKANTE SEKSUELE GEDRAG

- Woon partytjies by met mense wat jy nie ken nie
- Laat drankies onbewaak
- Alkoholvergryping
- Ry saam met vreemdelinge in voertuie
- Loop snags alleen huis toe

1. Kuier met bekendes.
2. Neem jou drankie saam met jou.
3. Moenie te veel drink nie.
4. Bel 'n maat of familie.
5. Loop in 'n groep of bel 'n taxi.

*Regterkolom genommer*

*Linkerkolom met kolpunte*

**SKYFIE 3:** *Slegs titel*

**TITEL:** *Arial Rounded grootte 62*

**Wees lief genoeg vir jouself
om oor jou lewe om te gee.
Jy het net een lewe,
koester dit!**

*Sentreer die inhoud*



**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou